# DIE POSISIE VAN ONS S.A. NYWERHEDE.*

Die spreker beskou dit as 'n voorreg om so'n verteenwoordigende groep van Afrikaanssprekende sakelui te ontmoet. Die Afrikaner het merkwaardige vordering gemaak en neem vandag 'n meer regmatige plek in die sakelewe van ons land in. In 'n baie kort tydbestek het die seuns van ons boereplase so 'n opgang gemaak dat hulle vandag onder ons vooraanstaande bedryfsleiers en handelslui gereken word.

Dit is 'n gesonde ontwikkeling dat in die Afrikaanse Sakekamer verteenwoordigers van nywerhede en finansiewese in so'n noue verband met die sakelui verkeer. Daar was natuurlik 'n tyd toe handel en nywerheid nie so naby aan mekaar gestaan het nie. Twee wêreldoorloë met die daaropvolgende ontwrigting het almeer 'n behoefte vir die nouste samewerking na vore gebring. Onder die omstandighede van ons moderne produksie en distribusie is dit die taak van die handel om die wye kloof tussen produsent en verbruiker te oorbrug. Die **finansiewese** is weer die belangrike olie wat die wiele van handel en nywerheid glad aan die gang moet hou. Gevolglik kan die geheel alleen dan welvarend wees as al drie die vertakkinge van ons ekonomiese lewe heelhartig saamwerk.

Die onlangse miljoenetransaksie waarmee Volkskas die finansiële wêreld verras het, is verdere bewys dat daar met die meer spesifiek Afrikaanse instellings wel deeglik rekening gehou moet word. Dit bring vanself mee dat daar aanpassing en verandering moet kom sowel in die

*Toespraak gelewer op 30 Maart 1950 te Kaapstad voor die Afrikaanse Sakekamer.

openbare rol as in die taktiese optrede van die Afrikaanse entrepreneurs in die ekonomiese lewe, sowel indiwidueel as organisatories.

Daar was 'n tyd toe die Afrikaner met 'n soort van minderwaardigheidsgevoel na vore getree het en sy stem byna apologeties laat hoor het. Die gevolg hiervan was dat hy gevoel het dat die enigste wyse om homself te handhaaf was om so aggressief moontlik op te tree. Die boerseun het nie soiets soos „boxing gloves" geken nie en het steeds klaar gestaan om met sy kaal vuiste „op te dons"!

Vandag staan hy heel anders in die ekonomiese lewe. Deur harde werk en vlytige ondernemingsgees het hy vir hom 'n regmatige plek van gelykstelling verower. Hy kan dus nie alleen daarop aanspraak maak om as gelyke ontvang en behandel te word nie, maar hy kan dit bekostig om minder aggressief en meer konstruktief en samewerkend op te tree. Veral noudat die Afrikaanse Handelsinstituut volle erkenning van regeringsweë ontvang het, is dit alleen te verwagte dat die leiers van ons Sakekamers ook in wyere kring hul konstruktiewe leierskap al hoe meer sal laat geld. Dat die samewerking reeds daar is, blyk uit die feit dat vanaand sowel die President van die Gefedereerde Kamers van Nywerhede as verteenwoordigers van ander verwante liggame teenwoordig is.

Dit is haas onnodig om hier te verwys na die merkwaardige en kritieke tydperk wat ons in die Unie gedurende die laaste jaar moes beleef. Ongeveer 'n jaar gelede het die „dokter" kasterolie en ryswater voorgeskryf. Dat die maatreëls doeltreffend was, word bewys deur die feit dat ek vanaand met 'n **baie minder bekommerde gemoed** voor u kan verskyn.

Vir diegene wat meer besonderhede verlang kan mens beste verwys na die grondige analise wat verlede week deur dr. de Jongh, Statistikus van die Reserwebank, gepubliseer is. Daarin wys hy hoedat die ingrypende ekonomiese maatreëls wat gedurende die laaste jaar in werking was, nie slegs die gewenste gevolg gehad het om die land se internasionale betalingsbalans van passief na aktief te verander nie, maar ook dat die maatreëls tot beperking van invoer en krediet baie bygedra het om die Unie se ekonomiese siklus weg te laat beweeg van die abnormaal lae peil wat in 1948 bereik is. Andersyds het die devaluasie van die Suid-Afrkaanse pond in September moontlikhede geskep vir 'n oplewing in die meer basiese bedryfstakke van die land.

Dit is wel waar dat dit moontlik was om sommige van die maatreëls geleidelik maar aansienlik te verslap—so byvoorbeeld is invoer van alle tekstiele en daarmee saamgaande toebehoorsels vanaf sagtemuntlande vrygestel; grondstowwe word toegelaat tot 175% van die verkoop of verbruik van die eerste ses maande van 1949; reeds 20% van die 1948-

invoer van verbruiksgoedere word weer toegelaat en daar is 'n redelike verslapping in die toekennings van kapitaalgoedere vir voorrade.

Persoonlik het ek nooit gerus gevoel oor die devaluasie-manie en beskou dit seer seker nie as die allesgenesende middel nie. Tog het dit onteenseglik 'n blymoediger stemming geskep en kapitaaltoevloei aangehelp. Dit is dan ook grootliks ten gevolge van sterlinginvloei dat invoerbeheer tot die mate verslap kon word. U sal gemerk het hoedat die Suid-Afrikaanse Reserwebank se verdiskonteerde wissels gestyg het van £1 miljoen aan die einde van Junie 1949 tot £68½ miljoen aan die einde van Februarie 1950 en ons goudbesit van £36½ miljoen tot £51½ miljoen oor dieselfde tydperk. Ons moeilikheid is egter om te weet hoeveel van die kapitaalinvloei beleggingskapitaal is en hoeveel vlugkapitaal.

Daarteenoor staar die feit ons in die gesig dat oor die hele jaar 1949 geneem, die Unie se **sigbare uitvoer** van plus-minus £260 miljoen heelwat benede **die sigbare** invoer van plus-minus £310 miljoen was. As ons daarby **die onsigbare poste** in aanmerking neem, dan word dit eers duidelik tot watter mate ons nog van buitelandse kapitaal afhanklik is om die Unie se betalingsbalans in ewewig te hou.

Daar was, wat ons betalingsbalans betref, wel iets van 'n verbetering. Dit blyk dat die Unie **se totale netto tekort** teenoor die buitewêreld van ongeveer £85 miljoen in 1948 tot £65 miljoen in 1949 gedaal het. Dit was alleen die suksesvolle buitelandse regeringslenings, wat ons buitelandse betaalmiddels kon oorbrug en selfs versterk.

Die enigste gesonde gedragslyn vir enige versigtige regering is dus om **vol te hou met so na as moontlik aan ons verdienste te lewe.**

Ongelukkig is dit moeilik om die ekonomiese indekse te ontleed teneinde die ekonomiese toestand van die Unie gedurende 1949 bevredigend te vergelyk met die van 1948—hoofsaaklik as gevolg van belangrike leemtes in die land se beskikbare statistiese gegewens. Dit is tog interessant om daarop te let dat die **netto volksinkome** van die Unie op £831.7 miljoen in 1948/49 beraam word in vergelyking met **£784.1 miljoen in 1947/48** en **£374.8 miljoen in 1937/38.** Selfs al word vir die bevolkingsaanwas toegegee, wil dit tog voorkom asof **die gemiddelde reële inkomste** per bevolkingseenheid aansienlik toegeneem het.

Ek wil nie te veel met syfers spook nie, want daarmee kan gewoonlik enigiets bewys word. Ons kan egter van persoonlike ondervinding praat wanneer ons stel dat die publiek oor minder geldmiddels beskik as 'n jaar of wat gelede. Dr. de Jongh verklaar dan ook dat die **hoeveelheid geld in omloop in die Unie gedaal het van** £418.7 miljoen aan die end van 1948 tot £372.3 miljoen aan die end van 1949, wat m.a.w. 'n netto-ver-

mindering in die geldvoorraad gedurende die jaar van £46.4 miljoen verteenwoordig. Wat bankkrediet betref het die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte in die Unie met omtrent £30 miljoen afgeneem.

Dit is dan ook onvermydelik dat belangrike veranderings in die na-oorlogse ontwikkeling van verskillende aspekte van ons landsekonomie moes plaasvind. Dit was ongesond om te verwag dat die na-oorlogse tydperk van onbeteuelde spandering altyd so kon aangaan: Hierdie vermindering van geldmiddels behoort dus tot 'n mate nie onwelkom te wees nie. Dit kan nie anders as om ons terug te bring na **'n gesonder peil van spandeer en besigheid na soveel jare van lewe-bo-ons-vermoë nie.**

Die omset van ons handel sal natuurlik geraak word. Dit is egter noodsaaklik dat die handel hom by veranderende omstandighede sal aanpas. Die verkopersmark is verby en ons kopers word elke dag meer selektief. Dit vereis dat voorrade met groot oorleg aangekoop moet word en veral nie oormatige groot voorrade opgegaar sal word nie, want die gevaar van onverkoopbaarheid neem steeds toe.

Dit is 'n brawe man wat vandag sy lyf profeet hou. Indien ek kon weet wat oor ses maande of so sou gebeur, sou ek seker nie baie langer amptenaar van die regering bly nie. Daar is egter die ekonome wat voorspel dat dinge oorsee en veral in die V.S.A. al hoe moeiliker sal word, totdat in 1951 of op sy laaste in 1952 'n krisis of 'n breekpunt sal ontstaan.

Nie alleen die Regering se ekonomiese beleid nie, maar ook die algemene gedragslyn van sakelui, nyweraars en finansiers moet dus vroegtydig so ingerig word om die hoof te kan bied aan enige sodanige verslappende toestande.

Die Staat kan dit die beste doen deur (a) strenge besnoeiing in die uitgawes sowel van die Staat as van provinsiale en plaaslike owerhede, en (b) 'n stelsel van prysbeheer te handhaaf as buffer teen enige inflasionistiese druk veroorsaak deur die noodsaaklike beperking van invoer en enige verdere sterk instroming van kapitaal van oorsee.

Invoerbeheer en ander kontrolemaatreëls bied egter geen permanente oplossing vir ons land se huidige ekonomiese probleme nie. 'n Swaar taak rus nog steeds op ons handel en ons nywerheid. Dit sou 'n misdaad wees indien hul invoerbeheer net sou gebruik as 'n mantel om gou ryk te word. Hul beklee inderdaad strategiese posisies in ons huidige krisisjare. Ek wil dus net kortliks verwys na **'n drievoudige taak,** waarlangs hul as entrepreneurs kan meehelp om ons posisie te versterk en 'n gesonde toekoms vir ons land te help opbou.

**Met oog hierop kan ons nasionale inkomste beste verhoog word indien ons ons beywer:**

(1) Om ingevoerde goedere deur vervaardiging van plaaslike goedere in genoegsame hoeveelhede en van bevredigende gehalte te vervang;

(2) om sulke goedere sover as moontlik van plaaslike goedere te vervaardig; en

(3) om die waarde van grondstowwe te verhoog alvorens dit uitgevoer word.

Ons grondstowwe is byna onbeperk—yster, kroom, mangaan en ander ertse, kleisoorte, asbes, grondboontjies, groente, vrugte en baie ander landbouprodukte. By baie het ons sover maar nog net op die oppervlakte gekrap. Ander weer voer ons as sulks uit in plaas van hulle te verwerk en so die koopwaarde te verhoog. Mens dink vanself aan ons kroomerts, mangaanerts, wol ens. Ook ons steenkool bied 'n ryke veld vir gemiese grondstowwe. Die moontlikhede is daar vir baie nywerhede en indien mens se blik ruim genoeg is sal mens se visioene nie ydele drome wees nie.

Indien ons dus ons lewensstandaard wil handhaaf, is dit noodsaaklik dat ons ons balansstaat in oënskou neem. Aan die kredietkant het ons grondstowwe, arbeid en krag. Aan die debietkant het ons 'n lang lys van invoergoedere—nie alleen van klaargemaakte goedere nie, maar ook van grondstowwe vir ons nywerhede. Dit is die taak van sowel ons handelslui as van ons nyweraars om toe te sien dat hierdie rekening balanseer.

Omstandighede sal die publiek dwing om meer plaaslike goedere te koop. Aan die ander kant sal enige sukses van invoerbeheer baie daarvan afhang of die publiek vrywillig die plaaslike fabrikate sal aanneem in die plek van die ingevoerde. Hier het die handel net so'n groot verantwoordelikheid as die nywerheid. Soos nywerhede artikels van die regte en hoë gehalte produseer, berus die taak by die handel om toe te sien dat die publiek dit sal koop. Dit is te hope dat een gevolg van invoerbeheer sal wees dat die uiteenlopende belange van Handel en Nywerheid nouer aan mekaar geskakel sal word. Handel het die omset nodig en indien nie van plaaslike produkte gebruik gemaak word nie, sal hul omset nie gehandhaaf kan word nie. Die handel het dus nou 'n uitstekende geleentheid om die belange van die plaaslike produk te bevorder omdat die ingevoerde eenvoudig nie daar is nie.

Maar in verband met dit alles moet ons tog waarsku: **Moenie ontwikkel net terwille van ontwikkeling nie.** Moenie fabrieke oprig waar

hul om een of ander rede nie geskik is nie. Daar is die probleme van nywerheidsafloopwater en van plakkersdorpies, waarteen gewaak moet word.

Sonder dat mens vir één oomblik 'n pleidooi wil lewer ten gunste van 'n' geslote volkshuishouding waardeur feitlik alle invoer uitgesluit word, is dit tog moontlik en nodig om 'n paar belangrike gevalle van moontlike groot kapitaalbesparings vir ons land te noem wat terselfdertyd ons nasionale inkomste aansienlik verhoog.

Die eerste vereiste vir nywerheidsontwikkeling in enige land is die voorsiening van energie of krag om die produksiemasjiene aan die gang te sit en te hou en om goedere en mense te vervoer.

Die groot nywerhede van die negentiende eeu is opgebou in lande wat baie en goedkoop steenkool gehad het; so was byvoorbeeld in die Verenigde State van Amerika in die jaar 1900 90 persent van alle kommersiële energie uit steenkool afkomstig. Gedurende die laaste vyftig jaar het daar egter 'n omwenteling plaasgevind, veral op die gebied van vervoer, en vandag is net 45 persent van die nywerheidsenergie in die Verenigde State van Amerika van steenkool verkry. Olie, wat 'n gerieflike energiebron is, is besig om die plek van steenkool te verower.

Suid-Afrika het op die teenswoordige gebruikstempo genoeg steenkoolreserwes vir die volgende 2000 jaar. Ons het geen natuurlike oliebronne nie en die invoer van olie en van olieprodukte, veral van petrol, gebruik 'n toenemende persentasie van die dollars wat ons jaarliks beskikbaar het. Ons lopende verbruik van petrol alleen is byna een miljoen gellings per dag en kos ons jaarliks £15,000,000 by ons hawens afgelewer Die oprigting van 'n bedryf wat petrol uit steenkool vervaardig word dus steeds van meer dringende belang.

Wat die vestiging van 'n sintetiese oliebedryf betref is ek persoonlik daarvan oortuig dat Suid-Afrika in 'n unieke posisie verkeer en dit is te betwyfel of die omstandighede in enige land ter wêreld meer gunstig is as by ons. Terwyl die steenkool in die meeste geïndustrialiseerde lande ongeveer £2 per ton kos, kan laegraadse steenkool in die Transvaal by die myn gelewer word vir tussen 3s. en 5s. per ton. Daarby kom ook die feit dat die grootste petrolverbruikende gebied in die land, naamlik die Suidelike Transvaal, 300 myl van die naaste hawens geleë is en dat 'n bedryf daar dus die besparing van die spoorvrag wat ingevoerde olieprodukte moet betaal, geniet.

'n Bietjie meer as 'n jaar gelede is 'n lisensie vir die oprigting van 'n bedryf vir die vervaardiging van petrol uit steenkool aan 'n Suid-Afrikaanse maatskappy uitgereik. Dit word beraam dat tussen £15,000,000 en £20,000,000 nodig sal wees om hierdie nywerheid te vestig, en onder

huidige finansiële toestande is dit natuurlik moeilik om so'n groot som geld bymekaar te kry. Reëlings hiervoor is, egter, hard aan die gang en dit is te hope dat met die konstruksie van hierdie groot onderneming nie langer getalm sal word nie. Ongeveer een-derde van die benodigde kapitaal sal in Suid-Afrika self uitgegee word.

Die voorgenome fabriek sal ongeveer 8,000 ton steenkool per dag of 2,500,000 ton per jaar gebruik en sal 80,000,000 gelling petrol en 15,000,000 gelling diesel-olie per jaar produseer. Die valuta wat hierdeur gespaar sal word sal minstens £4,500,000 per jaar beloop.

Volgens die lisensie moet profyte wat die nywerheid maak onder die publiek gedeel word ten einde die prys van petrol in Suid-Afrika geleidelik te verlaag. Dit word bereken dat binne drie jaar nadat die fabbriek in werking kom, dit in staat sal wees om die prys van petrol in die Transvaal te verminder. Die vermindering sal na 10 jaar 9d. en na 20 jaar 12d. per gelling beloop. So'n bedryf sal dus bo en behalwe die besparing aan valuta van bykans £4,500,000 per jaar, ook die verbruikende publiek daarmee die geleentheid geskep om mettertyd tussen £3,000,000 en £5,000,000 per jaar bespaar.

Ons land gee reeds aan die wêreld 'n voorbeeld met ons stelsel van elektrifikasie wat op ons steenkool gebaseer is. Dit is alleen gebrek aan kapitaal wat 'n sneller uitbreiding van die elektrifisering van ons land terughou. Indien ons hierdie oliebedryf aan die gang kan kry, dan word daarmee die geleentheid geskep om 'n oneindige reeks van neweprodukte te vervaardig wat weer die oprigting van belangrike chemiese sowel as plastiese nywerhede moontlik maak.

Kapitaalbehoeftes is wel groot, maar relatief en vergelykenderwyse is dit nie so reusagtig as wat Minister Havenga met die stigting van ons eie Yster- en Staalnywerheid hier in die Unie in 1925 onderneem het om te doen nie.

Laat ons dus net in 'n paar hooftrekke nagaan wat **daardie Yster- en Staalnywerheid reeds vir ons beteken het** en hoe dit in die toekoms al hoe meer sal beteken. Dit is haas onnodig om uit te wei oor die belangrikheid van hierdie sleutelbedryf in enige volkshuishouding. In ons hoogs-gemeganiseerde moderne wêreld word yster en staal in 'n groot reeks van alledaagse produkte gevind. Die Engelsman sê, „from a needle to an anchor." Staal gaan in skêre en skepe, spoorweglokomotiewe en skeermeslemmetjies, ploeë en drukperse. Waar dit nie in 'n produk self verskyn nie, daar speel dit 'n baie belangrike rol in die fabrikasie van so'n produk.

Yster en staal vorm dus 'n essensiële grondstof vir feitlik elke ander nywerheid. 'n Gesonde staalnywerheid is dus van lewensbelang vir die nywerheids- en ekonomiese ontwikkeling van enige land. Dit blyk veral daaruit dat sedert die suksesvolle stigting van ons eie yster- en staalnywerheid hier in ons land, 'n hele aantal ander sekondere nywerhede in ons land gestig is, die aantal waarvan jaar na jaar aangroei.

Die tyd ontbreek ongelukkig om die geskiedenis van die geboortepyne en van die groeipyne van 'n eie staalbedryf in die Unie vanaand te skets. Voldoende is dit om te weet dat die eerste poging daartoe reeds in 1860 in Natal aangewend is. Al die pogings sedertdien het egter óf op 'n mislukking uitgeloop, óf het 'n wankelende bestaan gevoer totdat die Regering van die dag in **1928 die Yskorwet op die Wetboek geplaas het.**

Sedert die Pretoria-Staalfabriek in 1934 die eerste yster geproduseer het, was die geskiedenis van Yskor een van aanhoudende uitbreiding. Die Pretoria-werke is oorspronklik beplan met 'n kapasiteit van 170,000 staafystertonne van afgerolde staalprodukte per jaar. Vandag is die kapasiteit reeds 600,000 staafyster tonne per jaar terwyl geskat word dat die land minstens dubbel die hoeveelheid yster jaarliks nodig het.

As gevolg van hierdie dringende behoefte is uiteindelik besluit om 'n tweede staalfabriek naby Vereeniging te begin. Dit is nou bekend as die Vanderbijl-Park-staalnywerheid en daar sal die uitbreiding van Yskor voortgesit word. Die beplanning is om hier te Vanderbijl-Park jaarliks sowat 240,000 ton staalprodukte te fabriseer—algemeen bekend onder die benaming van „flat products."

Wat hierdie bedryf vir ons nasionale inkomste beteken blyk uit die feit dat die bedrag wat verlede jaar aan salarisse en lone (insluitende lewenskostetoelaes) deur Yskor betaal is £3,300,000 was. Daar is oor die 12,000 persone in diens van die staalnywerheid, insluitende die werkers op Yskormyne en „quarries." Oor £1 miljoen word jaarliks alleen aan die Spoorweë as spoorvrag op vervoer van al die ertse, steenkool en ander grondstowwe en gefabriseerde materiale betaal. Yskor verbruik jaarliks 679,000 ton steenkool waaruit behalwe die 609,000 ton staafyster wat tot dusver jaarliks gefabriseer word, o.a. die volgende neweprodukte gemaak word: 1,414,000 gallon 25% Ammoniac, 1,139,000 gallon Benzol en Bensien, 2,000 ton Naftalien, 4,063,000 gallon padteer, 640,000 gallon kreosootolie en 571,000 gallon ligte olies.

Die soorte produkte wat tot dusver deur Yskor vervaardig word is spoorstawe tot 96lb. per jaart, vensterseksies, ysterpale, sinkplate, omheiningsdraad, doringdraad, baaldraad en spykerdraad en 'n menigte plaatyster en spesiale staalsoorte.

Omdat yster en staal so'n basiese sleutelbedryf is en die pryse van sy produkte feitlik dwarsdeur alle nywerhede gevoel word, is daar 'n jaar gelede besluit dat die Staat al die B-aandele van Yskor moet oorneem. Gevolglik besit die Staat vandag al die A- en die B-aandele terwyl daar 'n klein groepie voorkeuraandele in die hande van privaat aandeelhouers is. Teneinde yster- en staalpryse so laag moontlik te hou is toe as vaste Regeringsbeleid aanvaar dat diwidende op A- en B-aandele in Staatsbesit oor 'n tydperk gemiddeld **nie minder nie,** maar naasteby dieselfde bedrag moet wees as die Staat se koste aan die fondse wat dit in Yskor-aandele belê het. Soos gesê is die oogmerk met hierdie beleid dat, in plaas dat Yskor na hoër winskoers vir hoër diwidende mik, die Staat se aandele in Yskor aangewend moet word as 'n middel om pryse van Yskorstaal op so'n lae peil as doenlik te help hou. Dit is toe uitgewerk dat 'n diwidend-koers van 4½% per jaar die Staat se fondse wat in Yskor belê is, sou dek.

Dit sou interessant wees om na te gaan hoe gunstig Yskor se staalpryse vergelyk met dié van buitelandse staalpryse. In kort kan net gesê word dat om allerlei redes Yskor se basiese pryse sedert stigting met omtrent 33 1/3% gestyg het. Daarenteen vind ons dat die styging in die basiese staalpryse sedert die voor-oorlogse tydperk in die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika (sonder om devaluasie in aanmerking te neem) wissel tussen 60 persent en 100 persent, d.w.s. gemiddeld **minstens dubbel die styging in Yskor se basiese pryse.**

Stel ons die praktiese vraag, wat word Suid-Afrika deur Yskor bespaar, dan antwoord die Voorsitter van Yskor as volg: „Die koste van Britse, Kontinentale en Amerikaanse staal **(as dit verkry kan word)** gelewer op ons belangrikste mark, t.w. Witwatersrand en omliggende gebiede (gebaseer op die amptelike Britse en Amerikaans uitvoerpryse en op die jongste beskikbare prysopgawes vanuit Kontinentale bronne) is met gemiddeld omtrent £16 per ton of omtrent met 75% hoër as Yskor se pryse. Hierdie verskil sluit natuurlik vervoerkoste in. Die feit bly staan, egter, dat vergeleke met die koste van ingevoerde staal (indien verkrygbaar) Yskor met sy jaarlikse opbrings **die land meer as £7,000,000** per jaar bespaar." Wanneer Vanderbijl-Park eers in werking is, word hierdie bedrag **maklik 'n £10,000,000 per jaar.**

Dit is nodig dat die mense wat hier in die Kaap sit en vaskyk teen die Hexrivierberge, moet besef dat Suid-Afrika 'n **land van groot kontraste is,** geografies, klimaties, geologies en feitlik op alle gebied. Waar ons geleenthede dus groot is kan ons daarvan seker wees dat ons vir

lengte van dae met groot moeilikhede en onsekerhede te kampe sal hê. Mense vergeet te dikwels dat die terme „ontwikkelde" en „agterlike" streke maar heel relatief is. Dikwels is daar baie meer menslike geluk in sogenoemde agterlike streke as wat daar in die wolkekrappers van ons moderne stede is.

Meesal is 'n streek alleen „onontwikkel" omdat sy hulpbronne nie behoorlik ontgin of ontwikkel is nie. Vordering op gebied van nywerheidstegniek en die resultate van voortdurende navorsing bring daagliks tot dan onbekende of verwaarloosde hulpbronne na vore. Vandaar die noodsaaklikheid van 'n volledige opname van alle bestaande toestande in ons land, sowel as alle sluimerende moontlikhede wat in so baie dele van ons land te vind is.

Almal wat belangstel in die ekonomiese struktuur van ons land is vandag eens oor die noodsaaklikheid dat daar 'n meer gedifferensieerde struktuur in die Unie opgebou moet word. By 'n ontleding van die posisie vind ons die ongelukkige feit dat ons hier in die Unie **meer afhanklik** is van buitelandse handelsverkeer as miskien enige ander land ter wêreld. In 'n wankelende wêreld en die stormagtige internasionale atmosfeer van ons tyd is dit nie 'n benydenswaardige posisie vir enige onafhanklike land om in te verkeer nie. Gevolglik is dit voor die hand liggend dat nywerheidsontwikkeling 'n al hoe meer belangrike rol in ons nasionale huishouding moet speel.

Plaaslike toestande sal ongetwyfeld die karaktertrekke van ons nywerheidsontwikkeling tot 'n groot mate bepaal. Maar een van die belangrikste toetse, wat ons in die Unie moet stel i.v.m. watter nywerhede hier by ons voorkeur moet geniet, is om te bepaal watter nywerhede t.o.v. strategiese grondstowwe, basiese fabrikate, uitrusting en verbruikersgoedere ons afhanklikheid teenoor die buiteland sal verminder. Dit is beslis onrusbarend om te weet dat die nywerhede in ons land **tot meer as 50% afhanklik is van ingevoerde grondstowwe.** Ons nyweraars moet hulself meer naarstiglik inspan om plaaslike grondstowwe te kry om die ingevoerdes te vervang. Selfs ons **landbouprodukte** moet nie langer beskou word bloot as produkte om die menslike liggaam te voed nie. Hul moet al meer geproduseer word as grondstowwe vir ons sekondêre nywerhede.

Ons land is rykelik bedeel met **onedele minerale.** Ongelukkig is ons nog altyd tevrede om alles onverwerk teen die mins lonende kapasiteit uit te voer. Neem die geval van kroomerts wat ons goedskiks uitvoer teen minder as £2 10s. per ton. As ons dit met net een stadium verder wil

of kan verwerk en die as **ferro-kroom** uitvoer, dan verdien ons oorsee minstens £50 per ton, met ander woorde vir 100,000 ton kroomerts **minstens £5 miljoen** teenoor vandag se waarde van ongeveer £250,000. Daarby kom dat nog allerlei kroomchemikalieë vir 'n verdere £9 tot £10 miljoen gemaak kan word.

Soortgelyk is die geval van **mangaanerts,** wat alles teen die laagste verdienende kapasiteit van ongeveer £2 per ton uitgevoer word. Indien ons dit in die vorm van ferro-mangaan uitgevoer het, sou ons inkomste verlede jaar van hierdie één mineraal verhoog gewees het van plus-minus £1,250,000 tot plus-minus £6 miljoen.

Mens sou dieselfde ontleding kon maak in verband met die uitvoer van ons wol in sy onverwerkte vorm. Gelukkig kom hier vinnig 'n verandering en kry ons al hoe meer fabrieke wat ons wol verwerk—gedeeltelik om plaaslik te spin en weef, maar gedeeltelik om dit uit te voer in gewaste vorm en by wyse van kambolle. Eweneens betaal dit ons volkshuishouding baie beter om ons huide en velle plaaslik te verwerk en om dit in die vorm van leer en selfs skoeisel na die Afrikaanse gebiede uit te voer. Trouens, dit word nie aldag besef dat ons in die laaste jare kwaliteit-skoeisel selfs na Engeland en Amerika uitgevoer het. Dit is alleen valutamoeilikhede wat verhinder dat ons 'n goeie mark op die Vasteland van Europa en veral in Skandinawië vir ons skoene en leerprodukte kan opbou.

Ander rigtings waarin ons met 'n bietjie meer inisiatief meer onafhanklik teenoor ingevoerde grondstowwe kan staan, sou wees die betreffende houtsoorte, katoen, substitute vir juut vir ons eie saknywerheid, en oliesade soos lynoliesaad en kastoroliesade. Ons het reeds bewys dat in sover dit grondboontjie- en sonneblomsaad betref, ons onafhanklik teenoor die buiteland kan wees.

Daar is geen rede waarom ons land jaarliks meer as £13 miljoen aan invoer van hout en papier moet bestee nie. Gelukkig is daar vooruitgang op die gebied. Eersdaags word daar 'n begin met 'n groot en moderne papierfabriek, wat vir ons land 'n groot bate sal wees.

Dit alles wil nie sê dat ons nie vordering gemaak het nie. Ons prestasie gedurende die afgelope 40 jaar was gladnie sleg nie. Vergelyk hierdie syfers:

| | Aantal fabrieke | Werkers | Waarde van grondstowwe | Waarde van Produksie. |
|---|---|---|---|---|
| 1911 | 2,473 | 66,000 | £9 miljoen | £17 miljoen |
| 1947/48 | 11,886 | 559,000 | £255 miljoen | £492 miljoen |

of uitgedruk in **persentasie van ons nasionale inkomste:**

| | Nywerhede | Boerdery en Visserye | Mynwese. |
|---|---|---|---|
| 1911 | 6.8 | 16 | 27.5 |
| 1948 | 21.7 | 15 | 10.9 |

Met ander woorde, ons nywerhede se bydrae tot ons nasionale inkomste was gedurende 1947/48 meer as 80% van die gesamentlike kontribusie van boerdery, vissery en mynwese.

Daar is egter geen rede waarom die waarde van nywerheidsproduksie nie £1,000 miljoen sal bedra nie of die persentasie van bydrae tot ons nasionale inkomste nie tot minstens 50% sal styg nie. Dan en dan alleen sal ons 'n gebalanseerde volkshuishouding in die Unie hê.

Met hierdie paar voorbeelde het ek net so effens die sluier opgelig. Daar is baie ander voorbeelde wat genoem kan word. 'n' Skrywer het onlangs gewys op die uiters kritieke gevaar dat die teenswoordige wêreld nie besef dat van al die hulpbronne **die kosbaarste nie hernubaar is nie** en dit is wat mens kan noem **Vader Tyd.** Ons kan nie op volgende jaar wag nie. Ons mag nie alles aan ons nageslagte wil oorlaat nie.

Tenslotte, nie alleen smeek so baie van ons inheemse hulpbronne om doeltreffende ontginning en ontwikkeling nie, daar is **o so baie verkwisting in ons midde, wat uitgewis en vermy kan word.** Om hieroor te praat sou mens alleen 'n hele aand besig hou.

Tenslotte dus net nog hierdie een opmerking. **Die finansiële probleem,** waarvoor Suid-Afrika gedurende die afgelope twee jaar te staan gekom het, het die mate waarin Suid-Afrika van die buiteland vir sy kapitaalbehoeftes afhanklik is, skerp navore gebring. Dit het ook navore gebring die verpligtinge wat Suid-Afrika moet aanvaar in die vorm van rente, diwidende en aflossing om daardie kapitaal van die buiteland te verkry. Terwyl ons alle nodige kapitaal vir produktiewe doeleindes soos byvoorbeeld die ontginning van ons myne en ons grondstofbronne, moet trek, moet ons daarteen waak dat ons ons land nie onnodig belas deur die lok van kapitaal vir die vervaardiging van artikels van 'n weelde-karakter, waarsonder ons kan klaarkom.

As Suid-Afrika spaarsaam wil lewe en minder aan buitelandse weelde-artikels spandeer, sal ons tot 'n veel groter mate in ons eie kapitaalbenodighede kan voorsien en ons minder aan die buiteland vaskoppel.

Suid-Afrika is inderdaad tot sy huidige staat van ontwikkeling gebring deur manne en vroue, wat nie bang was om die onbekende en duistere binnelande aan te durf nie. Wat die toekoms betref, bied ons

land nog dieselfde goue geleenthede aan manne van durf en daad, wat bereid is om die beste gebruik te maak van die leiding en openbaring wat die wetenskap en die nuutste nywerheidsmetodes en die moderne besigheidstegniek hul bied. Manne en vroue wat bereid is om nuwe velde te ontgin en nie net op die uitgetrapte en gebaande weë te wandel nie, hoef nie oor die toekoms bekommerd te wees nie.

U as sakemanne en nyweraars en ek as regeringsamptenaar en dus ook u dienskneg, het geen reg om op ons louere te rus nie. Ons het 'n land om op te bou en ekonomies sterk en onafhanklik te maak. Daar is werk, baie werk, vir ons almal om te doen. Laat ons dus almal ons baadjies uittrek en help bou, nie net vir vandag of môre nie, maar vir die verre toekoms!

Pretoria. F. J. DU TOIT.